



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 25 JULIE 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Gaika, M F (EFF)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Zyl, M (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF+)
O'Kennedy, E C (DA)	White, E G (PA)
Papier, J R (GOOD)	Williams, A M (DA)
Penxa, B J (ANC)	Warnick, A K (DA)

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en die tolk.

Rdl D C Pypers open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Finansiële Dienste.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 31 MEI 2024

4.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesecondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Mei 2024 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 21 MEI 2024

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 8 MEI 2024

6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 7 JUNIE 2024

6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 13 JUNIE 2024

6.4 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 26 JUNIE 2024

6.5 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 7 JULIE 2024

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 VOORLEGGING VAN DIE 2024/2025 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN -PLANNE (2/4/2)

Die prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2024/2025 finansiële jaar is opgestel ooreenkomstig Artikel 57 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) en dien as 'n vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte van die Munisipale Bestuurder en direkteure.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2024/2025 finansiële jaar.

8.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): APRIL TOT JUNIE 2024 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).

Die Artikel 52/...

8.2/...

Die Artikel 52 MFMA-kwartaalverslag is deur die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee gehou op 23 Julie 2024 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesecondeer deur rdd M Nel)

Dat kennis geneem word dat die kwartaalverslag op 23 Julie 2024 by die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) ter tafel gelê was en dat die MPAC, by wyse van verslagdoening aan die Raad, aanbeveel dat die Raad kennis neem van die kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering en Begroting Implementeringsplan van die munisipaliteit vir die periode 1 April tot 30 Junie 2024.

8.3 JAARLIKSE VERSLAGDOENING INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid.

Op navraag van rdl A M Booysen insake die uitgawe vir die verskaffing van vullissakke aan deernishuishoudings en, ten spyte daarvan, die onwettige rommelstrooi wat ervaar word, laat die Speaker 'n bespreking toe en word, onder andere, die volgende oorsake en moontlik oplossings genoem:

- Rondloper katte en honde;
- Te veel oop ruimtes wat onbenut lê;
- Munisipale vullisvragmotor wat nie vullis optel as dit nie in sakke geplaas word nie;
- Huishoudings wat nie vullissakke ontvang nie, maak gebruik van enige ander houër. Wanneer die houër vol is, word dit leeggemaak op 'n onwettige vullishoop;
- Elke huishouding moet van 'n vullisdrom voorsien word – nie 'n wheely bin nie;
- 'n Plan moet vir elke dorp opgestel word aangaande die benutting van oop ruimtes.

Daar word aanvaar dat die implementering van wheely bins nie die oplossing is nie, aangesien die loodsprojek op Darling onsuksesvol was. Die studie het verder die finansiële en operasionele implikasies uitgewys wat nie haalbaar vir die Munisipaliteit is nie.

Die Munisipale Bestuurder doen 'n beroep op raadslede om na vore te kom as die hooforsaak van onwettige rommelstrooi geïdentifiseer kan word – moet begin met die "War against Waste".

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2024 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl D C Papers)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid gedurende die 2023/2024 finansiële jaar ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2024 tot 30 Junie 2024 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid noodsaak het (Aanhangsel D). Kennis moet geneem word dat betalings nog in die 2023/2024 finansiële jaar gefinaliseer moet word en sal enige verskille ten opsigte van Kwartaal 4 ingevolge wetgewing in die volgende kwartaalverslag vermeld word, onderhewig aan die transaksies/syfers wat die volledigheid van die finansiële state mag beïnvloed.

8.4 HERSIENING VAN DIE REËLS EN PROSEDURES VIR WYKSKOMITEES (3/4/4/B)

Artikel 72 van die Wet op Plaaslike Regering, Stukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998) bepaal dat die Raad reëls moet maak vir die regulering van, onder andere, die frekwensie van vergaderings van wykskomitees.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word dat die wykskomiteevergaderings met ingang van die 2024/2025 finansiële jaar op 'n kwartaallikse basis gehou sal word;
- (b) Dat kennis verder geneem word dat wykskomiteede op die volgende basis vergoed sal word:
 - (i) R1000,00/vergadering as sittingsfooi vir die bywoning van kwartaallikse vergaderings en R3,50/km indien daar verder as 10 km na 'n vergadering gereis word; en
 - (ii) R250,00/vergadering as sittingsfooi en R3,50/km indien daar verder as 10 km na 'n vergadering gereis word vir die bywoning van blokvergaderings in die geografiese area wat die lid verteenwoordig of waar versoek word dat die wykskomiteelid as verteenwoordiger van die Raad 'n vergadering bywoon, onderhewig aan die voorlegging van die nodige bewyse;
- (c) Dat die wysigings aan die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees dienoreenkomsig met onmiddellike effek goedgekeur word.

8.5 2022-2027 WATERDIENSTE ONTWIKKELINGSPLAN (16/1/18)

Die Waterdienste Ontwikkelingsplan funksioneer as 'n meganisme om beplanning te rig ten einde te verseker dat waterdienste op 'n effektiewe, bekostigbare, ekonomiese en volhoubare wyse aan verbruikers gelewer word.

Die konsep 2022-2027 Waterdienste Ontwikkelingsplan is opgestel ingevolge die voorskrifte vanaf die Departement van Water en Sanitasie en vir publieke insette/kommentaar beskikbaar gestel. Daar was geen insette ontvang nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R Jooste)

Dat die 2022-2027 Waterdienste Ontwikkelingsplan in die huidige formaat en in totaal goedgekeur word.

8.6 VERSLAGDOENING T.O.V. ARTIKEL 15(3) VAN DIE WET OP MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING INSAKE BELASTINGVRYSTELLINGS, -KORTING EN VERMINDERING EN "REVENUE FORGONE" VIR DIE 2023/2024 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)

Die Munisipale Eiendomsbelastingwet, 2004 (Wet 6 van 2004) bepaal ingevolge artikel 15(3) dat die Munisipale Bestuurder jaarliks verslag aan die Raad moet doen rakende alle belasting-vrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2024 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl S Smit, gesekondeer deur rdh J H Cleophas)

Dat kennis geneem word van die vrystellings van munisipale eiendomsbelasting aan openbare weldaadsorganisasies/nie-regeringsorganisasies, afslag, kortings toegestaan en inkomste afgestaan (*revenue forgone*) soos gestaaf in die verslag vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2024.

**GETEKEN:
SPEAKER**